’n Sondag-lewe tot eer van God

Teks: 1 Korinthiërs 11: 17 - 33 & Sondag 38
Teksvers: 1 Korinthiërs 11: 33 & 34

1. Inleiding

In ons leerdiens vanoggend sluit ons aan by die Heiligheid van God waarby ons stil gestaan het in die eerste diens. Daarby het ons ook verlede Sondag die sakrament van die Heilige Nagmaal gebruik en na die tyd ’n nagmaalsete geleentheid gehad. In lig van hierdie sake fokus ons in hierdie diens op die Heilige dag van die Here, die sabbatdag.

Binne ons Godsdiens is daar natuurlik serkere handelinge wat God eer en ander wat nie doen nie. Dit vloei van self sprekend voort dat ons ingestel moet wees op die handelinge wat God eer, met ander woorde Sy Heiligheid bevorder. Hierdie heiligheid is natuurlik ook ter sprake in ons verhoudings met mekaar veral op die Sabbat. Daardie verhoudings met ons broeders en susters in die gemeenskap van die gelowiges.

Maar dan baken ons die fokus gebied nog verder af in die domein van Sondag 38. Sondag 38 handel natuurlik oor die vierde gebod. Wat word ons gebied en verbied om te doen op die Sondag. Hoe lyk ons sabbatsviering vandag? Dit is dalk soms ’n moeilike vraag om te antwoord. Maar tog wil ons vandag fokus op een van die eksplisiete opdragte in verband met die sabbatsviering.

Ons fokus val op die meelewing met ons broer en suster op die Sabbat. En dan meer spesifiek in terme van die sakrament van die Nagmaal en die gemeenskaplike maaltyd. Sien ons by hierdie sake ook vandag nog die broederlike liefde waartoe ons beveel word deur die Woord van God?

2. Om my broer te dien in die erediens.

Hierdie is ongelukkig een van daardie gedeeltes in die Woord van God wat nie so positief is nie. Paulus sê dit immers direk so. Daar is dinge wat ek nie prysenswaardig vind nie in vers 17. En dan brei Hy die res van die teks gedeelte uit op die probleem. Eerstens sit die woord samekomste hierdie konteks vierkantig in die Sabbat. Ons as nuwe testamentiese kerk vier immers die sabbat op die eerste dag van die week in lyn met die Opstanding van ons Here Jesus Christus wat herdenk moet word. Maar ons doen dit steeds in ’n 7 dag siklus getrou aan wat ons bely oor die skeppingswerk van die Vader.

En dit is dan ook waar die antwoord op Sondag 38 begin. By die woordbediening, of dan die erediens. In die erediens is ons geneig om op ons verhouding met God te fokus. En natuurlik is dit ook heeltemal reg so. Maar dikwels verloor ons ook fokus. En wanneer ’n mens dan iemand konfronteer oor erediens bywoning, hoor jy maklik die volgende. Ek kry niks uit die erediens nie. Of die prediking spreek nie tot my nie, ens. Met die een ding dat alle fokus op myself val.

Maar dit is juis hierdie probleem wat aangespreek word. Die hoof probleem in ons teksgedeelte is selfsugtige vraatsigheid. En dit mag dalk kras klink maar dit is persies wat gebeur het. Mense het vinnig hulle eie voedsel geëet sonder om aan ’n broer of suster te dink. Daarom dat Paulus in vers 34 tot die uiterste toe gaan en mense dan maar eerder aanmoedig om by die huis te eet. Om nie te kom deelneem aan die erediens van die Here as hulle ingesteldheid selfsugtig is nie. Nee ons moet juis na die erediens ook kom met die diensbaarheid wat ons in die Here Jesus Christus leer ken het. Daar waar Hy selfs bereid was om Sy dissipels se voete te was.

3. En ook die res van die geloofsaktiwiteite

Maar om hierdie gedeelte los te maak van die sakrament van die Nagmaal sal oneerlik wees. ’n Mens kan nie anders as om hierdie as leerstellings oor nagmaal ook te sien nie. En natuurlik het selfsug nie plek aan die nagmaalstafel nie. Daar moenie verdeelheid wees wanneer ons die nagmaal vier nie. Ons ken van ouds af die gesindheid dat ek vrede met my broer en suster moet hê om aan te sit by die nagmaalstafel. Natuurlik gebaseer op Matteus 5:24.

Maar die waarheid sterk verder as wat ons dit soms uitleef. Ek moet so leef om die eensgesindheid en vrede met my broer en suster te bewaar. Ek moenie deur my optrede enigiets doen wat my broer en suster kan

weerhou van die erediens en troosryke viering van die nagmaal nie. Ek moet die volmaakte liefde wat Christus aan my bewys het ook weer aan my broer en suster bewys.

Want as ons mooi ook kyk na die bekende instellingswoorde van die Nagmaal in hierdie gedeelte dan sien ons dat Jesus die elemente brood en wyn uitdeel aan die dissipels. Hy maak seker dat hulle getroos is met dit teken van Sy liggaam en bloed. Kom ons maak ook seker dat my broer en suster ook werklik getroos is in die liggaam en bloed van die Here.

En dit is ook die rede waarom ons as gemeenskap van gelowige saam die sakrament van die nagmaal vier. Ons wil ook saam ons geloof beleef in die sigbare tekens van die elemente van brood en wyn. Ons wil so ook aan mekaar se geloof bou. Daarom moet ons optrede tydens nagmaal nie so wees dat dit vir ons beter is om by die huis te wees nie soos vers 34 sê nie.

4. En ook buite die kerk gebou

Maar hierdie voorskrifte geld natuurlik nie net tot daar by die grens van die deur daar agter nie. Dit geld ook buite die kerkdeur. Ons moet ook daarteen waak om nie buite die kerkdeur selfsugtig op te tree nie. Want dit is ook juis buite die kerk gebou op die sabbat wat ons gesprekke mekaar se geloof kan opbou. Waar ons die prediking kan bespreking en mekaar kan help om beter te verstaan. Daarom luister ons nie maar elkeen na ons prediking by die huis individueel nie.

Verder is natuurlik ook baie in hierdie gedeelte oor die omgang met die gawes van die Here. Veral ons daaglikse brood. Sien die daaglikse brood waarmee die Here elkeen van ons seën kan ook op twee maniere gebruik word. Ons kan ons naaste verneder deur nie sy/hy of haar behoeftes te dink nie. Juis wanneer ons ook met ons daaglikse brood omgaan. Of ons kan ons naaste tot seën wees deur eers deeglik seker te maak dat al my broers en susters versorg is voor ek my deel neem. Op hierdie manier eer ek dan die Here met hierdie gawes wat aan my toevertrou word.

Ons moet natuurlik ook altyd verantwoordelik met die gawe van ons daaglikse brood uit die hand van die Here optree. Ons moet nooit die gawe vermors nie. Want ons moet ook altyd onthou dat hier duidelike sprake is van ’n gemeenskaplike oordele oor die hele gemeente. Daarom moet ons mekaar in liefde bystaan met raad en daad in hierdie sake. Ons moet hierdie geleenthede gebruik as geleenthede waar ons ook die vreugde van vrygewigheid kan ervaar. Jesus sê immers self: "Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang.”

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met die volgende opsomming. Paulus wys vir ons een groot saak uit wat nie eer aan God bring nie. Daarom moet ons elkeen weer gaan stil word in die teenwoordigheid van die Here. Ek moet werklik nederig my eie selfsug gaan soek en te bely. Ek moet bid dat die Here ook my gesindheid teenoor my broers en susters verander van ’n gesindheid van ontvang, na ’n gesindheid van gee.

Die probleem met hierdie saak van die selfsug, is dat dit al so algemeen geraak het, dat mense dit nie eers meer raaksien nie. Ons het al so vervalle geraak in die saak van die mens wat altyd die middelpunt moet wees, dat dit nie snaaks is as alles ingestel word op die mens se verering en gemak nie. Maar dit is juis dan wanneer Godsdiens verander word in mensdiens.

Daarom is dit uitersbelangrik om in ons lewens streng ondersoek oor hierdie saak te doen. Sodat ons ook die Here, hierin soos in alles kan eer en verheerlik. Kom ons leef waarlik gehoorsaam aan die groot gebod:
"“ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand. [38]Dit is die grootste en die eerste gebod. [39]En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’

Amen